

Huisgeloof Skatkaart Sleutel

Begin punt: Maak Maak of kry, saam as 'n huisgesin, 'n bordmerker. Julle gaan hierdie merker gebruik om aan te skuif na die verskillende momente op die skatkaart.

Omgee: Spandeer tyd om met mekaar te gesels oor hoe dit met julle gaan. Gebruik bv. die Gooi & Gesels speletjie of elkeen kan 'n "soet" en "suur" van hulle week deel.

Kyk fyn: Waar het jy vir God hierdie week raakgesien? Deel 'n storie van waar julle God hierdie week ervaar het.

Delf dieper: Kies een teks wat julle die week saam gaan lees. Lees die hele week dieselfde teks. Deel met mekaar die vrae wat julle oor die teks. Fokus op oop vrae sonder 'n spesifieke direkte antwoord. Vrae soos: "Ek wonder…", "Deel 'n storie van…", "Wie sou jy in die teks wees? Hoekom?". Julle kan ook saam Google om meer oor die teks of agtergrond uit te vind.

Deel en luister: Luister na mekaar en deel wat julle van die teks onthou en wat julle vanuit die teks hoor.

God se droom: Dink terug aan die teks. Wat dink julle is God se droom vir die wêreld, wat wil Hy doen of sien gebeur, vanuit die teks? Maak seker dat julle iets prakties en konkreet noem.

Hande en voete: Wat het julle gesê by God se droom? Hoe kan julle daardie droom sigbaar maak in die wêreld? Wat kan julle gaan doen om Jesus se hande en voete op aarde te wees? Dit hoef nie elke keer 'n "wow" ding te wees nie.

Bid saam: Spandeer tyd om saam te bid. Julle kan bv. die gebedsblokkie gebruik of klomp dinge waarvoor julle kan bid op roomysstokkies skryf en dan een of twee stokkies trek en daarvoor bid.